



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 13 FEBRUARIE 2013
OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 JUNIOR STADSRAAD (3/6)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche gee kortliks agtergrond tot die voorstel om die Junior Stadsraad te ontbind. Mev I Loock en N Brand kry verder geleentheid om terugvoering te gee oor die werksaamhede van die Junior Stadsraad die afgelope jaar as aanduiding van die probleme wat ondervind word.

Die swak bywoning van vergaderings, projekte wat nie deurgevoer kon word nie, en so meer is 'n resultaat van die gebrek aan samewerking wat onder die skole en leerders ondervind word en is daar geen verbintenis meer tot die Junior Stadsraad nie.

BESLUIT

- (a) Dat daar besoek gebring sal word aan die skoolhoofde, bestaande JTC-lede van die deelnemende hoërskole en hul ouers deur die Uitvoerende Burgemeester en/of Munisipale Bestuurder, in samewerking met die verantwoordelike beampte, om die pad vorentoe met die Junior Stadsraad te bespreek;

3.1/...

- (b) Dat daar nie voortgegaan word met die hou van 'n verkiesing om nuwe lede op die Junior Stadsraad aan te wys nie;
- (c) Dat daar uit voormelde gesprekvoering 'n verslag voorberei word vir die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten einde te besin oor die ontbinding van die Junior Stadsraad, al dan nie.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 JANUARIE 2013

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Januarie 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU 6 FEBRUARIE 2013 *[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 FEBRUARIE 2013

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 23 JANUARIE 2013

6.1.1 ITEM 6.13: AANBEVELING VAN INTERNE OUDITEUR OM KONTROLES IN TE BOU OM DIE "ONE MAN CONTRACTS" AAN OUDIT VEREISTES TE LAAT VOLDOEN (16/4/1/2)

Staan oor.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2012/2013 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die SDBIP vir die 2012/2013 finansiële jaar is op 13 Junie 2012 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur. Die Raad het op 31 Januarie 2013 'n Aansuiweringsbegroting vir die 2012/2013 finansiële jaar aanvaar wat wysigings aan die SDBIP tot gevolg gehad het.

7.1/...

Die gewysigde SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2012/2013 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE FINANSIËLE- EN PRESTASIE OUDITKOMITEE (11/1/3/17)

'n Munisipaliteit moet ingevolge artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) 'n Ouditkomitee instel wat as 'n onafhanklike adviserende liggaam sekere funksies verrig.

Die lede op die Finansiële Ouditkomitee word vir 'n periode van drie jaar aangestel, terwyl die lede op die Prestasie Ouditkomitee vir 'n periode van een jaar aangestel word. Die termyn van beide komitees het op 31 Desember 2012 verstryk.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat 'n advertensie in die plaaslike koerante geplaas was om lede van die publiek uit te nooi om op die Munisipaliteit se Ouditkomitees te dien, maar dat kandidate wat aansoek gedoen het nie oor die nodige ervaring en kwalifikasies beskik het nie;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat ingevolge die aanbevelings in Omsendbrief 65 van die MFMA gedateer 12 November 2012, lede van 'n ouditkomitee nie vir 'n aaneenlopende termyn van langer as ses jaar aangestel mag word nie. Dat, alhoewel voormelde termyn oorskry sal word, die volgende lede aangestel word ten einde kontinuïteit van die ouditkomitee te verseker, naamlik –
 - (i) die heraanstelling van mnr De Jager, mnr Becker en me Allie as lede van die Finansiële Ouditkomitee vir 'n verdere termyn vanaf 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2015;
 - (ii) die verlenging van die huidige termyn van die lede van die Prestasie Ouditkomitee tot 31 Desember 2013, wat saamgestel is deur lede van die Finansiële Ouditkomitee, asook mnr Dippenaar as die prestasiebestuur spesialis;
- (c) Dat kennis geneem word van hierdie lede se verbintenis en van die uitstekende diens wat oor die afgelope termyn aan die munisipaliteit gelewer is en dat die Raad se dankbaarheid hierteenoor in hul aanstellingsbriewe vermeld word;
- (d) Dat die vergoeding betaalbaar aan die lede van die Ouditkomitees vir die voorbereiding en bywoning van vergaderings geskied ingevolge die uurlikse tarief soos bepaal per besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedateer 12 November 2012.

7.3 VERVROEGDE AFTREDE: ME L DU TOIT (P)

'n Aansoek om vervroegde aftrede is ontvang vanaf me E E (Linda) du Toit, Hoof: Kredietbeheer en sal haar dienste op 28 Februarie 2013 beëindig word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van me E E du Toit se aansoek om vervroegde aftrede op 28 Februarie 2013;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat me Du Toit se aansoek om vervroegde aftrede in ooreenstemming is met die reëls van die Kaapse Aftreefonds, waarvan sy 'n lid is.

7.4 TOEKENNING VAN TYDELIKE DELEGASIE: ME E E DU TOIT, KREDIETBEHEER-AFDELING (2/5/3)

Met die vervroegde aftrede van me Linda du Toit ontstaan daar 'n leemte in kundigheid om die kennisgewings en regsdokumente in terme van die Raad se Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid af te teken.

Dit is dus nodig om 'n tydelike delegasie aan me Du Toit toe te ken ten einde aaneenlopende administratiewe en operasionele doeltreffendheid in die Kredietbeheerafdeling te verseker.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n tydelike delegasie aan me E E (Linda) du Toit toeken vir die tydperk 1 Maart 2013 tot 30 Junie 2013 vir die ondertekening van regsdokumente in terme van die Raad se Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid en –Verordening;
- (b) Dat die tydelike delegasie toegeken word ingevolge die Raad se Register van Delegasies gedateer Mei 2011, met spesifieke verwysing na item CC16;
- (c) Dat die tydelike delegasie geldig is tot die aanstelling van 'n nuwe Hoof: Kredietbeheerafdeling, maar nie vir langer as 30 Junie 2013 nie.

7.5 VOORSTELLE VIR BESTUUR EN BEDRYF VAN GEBOU BEKEND AS OU KOMMANDO GEBOU TE MOORREESBURG AS VEELDOELDIGE SENTRUM (12/1/3/1-9/1)

Die munisipale gebou te Hoofstraat 6, Moorreesburg was die afgelope paar jaar benut deur die Moorreesburg Ontwikkelings Inisiatief (MOI) wat in 2012 ontbind is. Die gebou word nou slegs benut deur MAVOS ('n nie-regerings-organisasie gemoeid met volwasse onderrig) vir administratiewe doeleindes.

'n Publieke deelname proses is deurloop om gemeenskapsorganisasies in Moorreesburg die geleentheid te bied om voorstelle vir die bestuur van die gebou as veeldoelige sentrum in te dien. Die aansoek van die suksesvolle organisasie, naamlik Huis van Heerde, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die gebou geleë te Hoofstraat 6, Moorreesburg aan die Huis van Heerde Kinder- en Jeugsentrum verhuur word om te bestuur as veeldoelige sentrum;
- (b) Dat die huurtermyn onbepaald sal wees;
- (c) Dat 'n nominale huurtarief van R100,00 per jaar gevra word;
- (d) Dat die voorgestelde verhuring van die gebou in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;
- (e) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteheffings asook vir die gebruik van water en elektrisiteit op die perseel.

7.6 VOORGESTELDE VERHURING VAN STOOR TE RIEBEEK-WES SKOUGRONDE (12/1/3/1-12/1)

Die leë store agter die ou skougronde op Riebeeck-Wes word op 'n jaarlikse basis aan Group 35 Foods (Edms) Bpk verhuur. Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2012.

BESLUIT

- (a) Dat die leë store agter die ou skougronde te Riebeeck-Wes uit die hand uit aan Group 35 Foods (Edms) Bpk verhuur word vir die stoor van toerusting vir 'n verdere termyn wat nie 12 maande oorskry nie;

7.6/...

- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R1 340,00 plus BTW per maand wat 'n eskalاسie van 6% verteenwoordig;
- (c) Dat die huurvoorwaardes soos tans van toepassing van krag sal bly.

7.7 WESKUS NOOD MEDIESE DIENSTE: VERSOEK VIR AKKOMMODASIE IN DARLING (12/1/7)

Die Raad het op 9 November 2011 goedkeuring verleen dat gedeelte van die gebou op erf 730, Darling (die voormalige behuisingskantoor) aan die Departement van Gesondheid (Weskus Nood Mediese Dienste) beskikbaar gestel word om as 'n ambulansbasis stasie te benut.

Die goedkeuring was verleen vir 'n voorlopige proeftydperk en sonder 'n geskrewe huurooreenkoms. Die teenwoordigheid van die nooddienste op Darling is deur die gemeenskap as 'n groot bate ervaar.

'n Aansoek is vanaf die Departement van Gesondheid ontvang om die akkommodasie op 'n termyn huur te bekom ten einde kontinuïteit van die diens te verseker.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van gedeelte van die gebou op erf 730, Darling aan die Weskaapse Departement van Gesondheid vir aanwending as 'n ambulansbasis stasie;
- (b) Dat 'n huurtermyn van drie (3) jaar bepaal word wat weer hernu kan word indien nodig;
- (c) Dat 'n nominale huurgeld van R100,00 per jaar gevra word ten einde die diens te Darling te vestig;
- (d) Dat die verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;
- (e) Dat die huurder die volgende verbeterings uit eie kostes sal aanbring:
 - (i) herstel van omheining en skuif van hek om toegang van noodvoertuie te vergemaklik;
 - (ii) formalisering van die parkeerarea met 'n "wash bay" vir nood voertuie;
 - (iii) aanbring van eie telefoonlyne;
- (f) Dat die moontlikheid van die installasie van 'n voorafbetaalde kragmeter ondersoek word.

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Januarie 2013;
- (b) Dat opdrag aan die Direkteur: Finansiële Dienste gegee word om 'n ondersoek in te stel na die vasstelling van 'n tarief vir die af- en aansluiting van dienste as administrasiefooi vir wanbetaling.

7.9/...

7.9 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.10 SWARTLAND SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID EN -STRATEGIE (17/2/2)

Die vordering met die opstel van 'n Swartland Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie as deel van die MBA-studies van die Gemeenskapsontwikkelaar, me M Holtzhausen is op verskeie geleenthede aan die Raad gerapporteer.

Die beleid en strategie is in beginsel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 17 Junie 2011 aanvaar in afwagting op die finale dokument.

Aangeheg tot die verslag is 'n bondige opsomming van die Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie. Die kern van die beleid bestaan uit beginsels, 'n visie en missie en vyf strategiese fokusareas. Die sentrale fokusarea is die bevordering van samewerking en koördinerende van die sosiale ontwikkelingssektor binne en buite die munisipaliteit.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die voorgestelde Swartland Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie wat saamgestel is uit die tesis wat me Marguerite Holtzhausen vir die gedeeltelik voltooiing van haar MBA-studies opgestel het;
- (b) Dat die beleid en strategie met raadslede en sleutel rolspelers by wyse van 'n werkwinkel bespreek word, sodat die beleid en strategie finaal deur die Raad aangepas en aanvaar kan word.

7.11 VOORGESTELDE BELEID: BEPALING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR DIE RIEBEEK-VALLEI (RIEBEEK KASTEEL, RIEBEEK-WES EN ONGEGUND)

Die firma, *Alwyn Laubscher and Associates* is in Maart 2007 aangestel om 'n Meesterplan vir toekomstige ontwikkelings vir Malmesbury op te stel. Die opdrag is in 2010 uitgebrei om ook kapitaalbydraes vir die Riebeek Vallei te ondersoek en vas te stel.

Die rede vir die ondersoek in die Riebeek Vallei was omdat daar groot uitbreidings van infrastruktuur deur die Munisipaliteit gedoen moet word en omdat daar ongeveer 2500 ontwikkelingsgeleenthede in die Riebeek Vallei bestaan.

Die verslag van mnr Alwyn Laubscher beveel aan dat die bydraes vir alle ontwikkelingsgeleenthede in bereken gebring is om een bydraestruktuur daar te stel, in plaas van verskillende bydraes vir "brownfields" en "greenfields" geleenthede. Hierdie beginsel word ondersteun deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste omrede daar feitlik geen grootmaatsdienste in die Riebeek Vallei is nie en dat daar vir beide "brownfields" en "greenfields" geleenthede grootmaatsdienste geskep moet word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die proses aanvaar wat gevolg is deur *Alwyn Laubscher and Associates*, om die kapitaalbydraes vir infrastruktuur ontwikkeling vir die Riebeek Vallei en dat dit deelgemaak word van die Raad se beleid vir die Meesterbeplanning vir toekomstige ontwikkelings, soos goedgekeur op 29 Mei 2008;
- (b) Dat daar/...

7.11/...

- (c) Dat daar in beginsel goedkeuring verleen word vir die voorgestelde eenvormige kapitaalbydraes vir infrastruktuur ontwikkeling vir die Riebeek Vallei wat bekend sal staan as "Kapitaalbydraes vir Infrastruktuur vir die Riebeek Vallei";
- (d) Dat die implementering van die voorgestelde eenvormige kapitaalbydraes ten opsigte van "brown-" en "greenfields" ontwikkelings terugverwys word, ten einde te besin oor die infassering van die voorgestelde kapitaalbydraes oor 'n vasgestelde tydperk;
- (e) Dat daar oorweeg word om in die 2014/15 finansiële jaar voorsiening gemaak word vir die berekening van die kapitaalbydraes vir Darling, Yzerfontein en Moorreesburg;
- (f) Dat Ontwikkelaars skriftelik verklaar dat hul vertrouwd is met die bepalings van artikel 42 van die Grondgebruiksbeplanning Ordonansie, No 15 van 1985 en dat hul onderneem om die nodige bydraes wat ingevolge die beleid vasgestel word, aan die Raad te betaal wanneer dit vereis word.

7.12 AANSOEK OM BESIGHEIDSLISENSIE: ADULT WORLD GROUP (PTY) LTD

'n Aansoek om 'n besigheidslisensie is ontvang vir die bedryf van 'n vermaaklikheid op erf 5628, Loedolfstraat 1, Malmesbury. Die spesifieke tipe vermaaklikheid behels die bedryf van 'n volwasse perseel vermeld in artikel 24 van die Wet op Films en Publikasies, Wet 65 van 1996.

BESLUIT

Dat 'n openbare proses gevolg word om die opinie van die publiek te verkry deur die plasing van 'n kennisgewing in die plaaslike pers, asook die verspreiding van die kennisgewing aan omliggende eienaars en die betrokke wykskomitee, alvorens 'n finale besluit in hierdie verband geneem word.

7.13 PAD VORENTOE MET MALMESBURY KLEINBOERE EN DARLING KLEINBOERE (17/4/2/B)

'n Verslag vir die oorweging van die voortbestaan van kleinboere op Malmesbury en Darling het op 10 Oktober 2012 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gediën. Daar is besluit om meer inligting te bekom betreffende die bepalings van die huurooreenkomste met die oog op die beëindiging daarvan.

Addisionele inligting is beskikbaar gestel ten opsigte van klousules in die huurooreenkomste wat oorweeg kan word om die ooreenkomste te kanselleer.

BESLUIT

A: Ten opsigte van Darling Kleinboere

- (a) Dat kennis geneem word dat 12 kleinboere teen 31 Augustus 2013 op die Plaas Leliebloem gevestig sal word en dat die DLOGH versoek word om ook 'n raadslid van Darling op die PMT van Leliebloem te koöpteer;
- (b) Dat die ooreenkoms ten opsigte van die oorblywende boere tot 13 Februarie 2018 eerbiedig word, onderhewig daaraan dat die oorblywende boere binne 12 maande na kamp 3 (oorkant die treinspoor) verskuif sal word, omrede:
 - (i) die nabyheid van strukture aan die woongebied problematies is, spesifiek t.o.v. die higiëne-probleme wat dit veroorsaak; en
 - (ii) diere wat tussen die huise rondloop;
- (c) Dat meer toepaslike en praktiese voorwaardes, bv. die indiening van bouplanne vir strukture, bevestiging van deelnemers en die handhawing van higiëne sal geld t.o.v. kleinboere wat na kamp 3 skuif;

- (d) Dat die ooreenkoms met kleinboere wat nie bereid is om na kamp 3 te skuif nie, binne 'n tydperk van 12 maande gekanselleer sal word;

B: Ten opsigte van Malmesbury Kleinboere

- (a) Dat daar met die nodige regsproses 'n aanvang geneem word om kennis aan kleinboere te gee aangaande die kansellering van die huurooreenkomste en dat die gebied binne 'n tydperk van ses maande ontruim moet word, omrede:
- (i) die verbreking of nie-nakoming van sekere klousules in die kontrak;
 - (ii) die grond benodig word vir ander ontwikkeling;

C: Ten opsigte van kleinboerontwikkeling in die res van die Swartland

- (a) Dat daar vir die toekoms nie meer enige meentgrond aan kleinboere in die res van die munisipale gebied beskikbaar gestel word nie;
- (b) Dat die Departement van Ontwikkelingsdienste voortgaan om alle opkomende- en kleinboere te ondersteun in hul ekonomiese- en sosiale ontwikkelingsprosesse, spesifiek t.o.v. prosesse om grond by DLOGH te bekom.

7.14 VERSOEKE/NAVRAE VANUIT DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 13 DESEMBER 2012 (7/1/2/2-3)

Die Direkteur: Beskermingsdienste lig die volgende punte toe in die verslag tot die sakelys soos versoek op voormelde vergadering, naamlik (1) probleme met uitstaande lasbriewe en (2) ondersteuning verleen tydens feeste.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die probleme en uitdagings rondom die diening van lasbriewe en dat die administrasie in proses is om 'n nuwe diensverskaffer aan te stel om sodoende die uitdagings die hoof te bied;
- (b) Dat met die herstrukturering van die Munisipale Polisiensdiens vanaf 1 Julie 2013 na 'n Verkeers- en wetstoepassingsdiens, 'n spesiale eenheid gevestig word om uitsluitlik aan die diening van lasbriewe aandag te gee;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verder kennis neem van die ondersteuning verskaf aan sekere feeste, asook die tariewe wat gehief was.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**